

OFFICIAL GAZETTE


EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGawe OP GESAG

.0c Tuesday 3 July 1973

WINDHOEK

Dinsdag 3 Julie 1973

No. 3333

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

No. 105 Ordinance, 1973: Promulgation of

GOEWERMENSKENNISGEWING:

Ordonnansie, 1973: Uitvaardiging van 661

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Acting Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 105].

[3 July 1973.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 105].

[3 Julie 1973.

ORDINANCE, 1973: PROMULGATION OF

ORDONNANSIE, 1973: UITVAARDIGING VAN

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act.

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomsdig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ooreenkomsdig artikel 29 van gemelde Wet:-

No.	Title	Page	No.	Titel	Bladsy
0	Townships and Division of Land Amendment Ordinance, 1973	662	10	Wysigingsordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1973	663

No. 10 of 1973.]

TOWNSHIPS AND DIVISION OF LAND AMENDMENT ORDINANCE, 1973.

(Assented to 27 June 1973.)

(English text signed by the Administrator.)

(Date of commencement 3 July 1973.)

ORDINANCE

To amend the Townships and Division of Land Ordinance, 1963, so as to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator"; to define the expressions "Executive Committee" and "South West African Planning Advisory Board" and to extend the definition of "local authority"; to redefine and extend the constitution of the Townships Board with a view to co-ordination between the Townships Board and the South West African Planning Advisory Board; to define the purpose of the Townships Board; to withdraw certain functions and powers from the Townships Board and to entrust them to and confer them upon the South West African Planning Advisory Board; to provide that subdivision of an erf or piece of land, situated within an approved township, into more than ten erven or pieces of land shall be deemed to be the establishment of a township; to provide for the partial or entire cancellation of a general plan of an approved township; to provide for the amendment of conditions, imposed in terms of the Municipal Ordinance, 1963, to which the title deeds of land are subject; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

*Amendment of
Ordinance 11
of 1963 to
substitute the
expression
"Executive
Committee" for
the word "Admi-
nistrator".*

1. The Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it appears of the expression "Executive Committee".

2. Section 1 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the insertion after the definition of "erf" of the following definition:

"(ivA) "Executive Committee" means the Administrator-in-Executive Committee as referred to in section 6 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968);";

(b) by the substitution for the definition of "local authority" of the following definition:

*Amendment of
section 1 of
Ordinance 11
of 1963, as
amended by
section 1 of
Ordinance 24
of 1967.*

No. 10 van 1973.]

WYSIGINGSORDONNANSIE OP DORPE EN GRONDVERDELING, 1973.

(*Goedgekeur 27 Junie 1973.*)

(*Engelse teks deur die Administrateur geteken.*)

(*Datum van inwerkingtreding 3 Julie 1973.*)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963, om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang; om die uitdrukings "Uitvoerende Komitee" en "Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad" te omskryf en die woordbepaling van "plaaslike bestuur" uit te brei; om die samestelling van die Dorpераad te heromskryf en uit te brei met die oog op koördinasie tussen die Dorpераad en die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, om die doel van die Dorpераad te omskryf; om sekere funksies en bevoegdhede van die Dorpераad weg te neem en aan die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad te verleen en op te dra; om te bepaal dat onderverdeling van 'n erf of stuk grond, geleë in 'n goedgekoonde dorp in meer as tien erwe of stukke grond as stigting van 'n dorp beskou moet word; om voorsiening te maak vir die gedeeltelike of algehele rojering van 'n algemene plan van 'n goedgekoonde dorp; om voorsiening te maak vir die wysiging van voorwaardes, gestel ingevolge die Municipale Ordonnansie 1963, waaraan die titelbewys van grond onderhewig is; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) — hieronder die Hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur die woord "Administrateur" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

Wysiging van
Ordonnansie 11
van 1963 om
die woord
"Administrateur"
deur die uitdruk-
king "Uitvoerende
Komitee" te ver-
vang.

2. Artikel 1 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

Wysiging van
artikel 1 van
Ordonnansie 11
van 1963, soos
gewysig deur
artikel 1 van
Ordonnansie 38
van 1967.

(a) deur na die woordbepaling van "erf" die volgende woordbepaling in te voeg:

"(ivA) "Uitvoerende Komitee" die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee soos bedoel in artikel 6 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968);";

(b) deur die woordbepaling van "plaaslike bestuur" deur die volgende woordbepaling te vervang:

TOWNSHIPS AND DIVISION OF LAND ORDINANCE, NO. 10 OF 1973.

- “(vi) “local authority” means the council of a municipality constituted or established in terms of the provisions of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), a Village Management Board constituted in terms of the provisions of the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963) and the Peri-Urban Development Board established in terms of the provisions of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970);”; and
- (c) by the insertion after the definition of “regulation” of the following definition:
- “(ixA) “South West African Planning Advisory Board” means the South West African Planning Advisory Board established in terms of the provisions of section 9(1) of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954);”.

**Amendment of
section 2 of
Ordinance 11
of 1963, as
amended by
section 1 of
Ordinance 2
of 1970.**

3. Section 2 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) (a) The Surveyor-General, Windhoek, the Registrar of Deeds, Windhoek, and the Chief Roads Engineer, Director of Works and Director of Local Government of the Administration, or any officer of his office nominated in his stead by the said Surveyor-General, Registrar of Deeds, Chief Roads Engineer, Director of Works or Director of Local Government, as the case may be, for the purpose of any meeting, shall be members of the board *ex officio*.

(b) The Executive Committee shall appoint as members of the Board a person who shall bring to the notice of the Board the views of local authorities and the interests of the inhabitants of areas of local authorities, and a person who is a member of the South West African Planning Advisory Board, with a view to co-ordination between those two boards, and shall also appoint the other members of the Board.”.

**Insertion of
section 2A in
Ordinance 11
of 1963.**

4. The principal Ordinance is hereby amended by the insertion after section 2 of the following section:

**“Purpose
of
Board.**

2A. The purpose of the Board shall be to exercise and perform the functions, powers and duties entrusted to and conferred upon it in terms of the provisions of this Ordinance.”.

**Amendment of
section 3 of
Ordinance 11
of 1963.**

5. Section 3 of the principal Ordinance is hereby amended by the deletion of paragraph (a) of subsection (1).

**Amendment of
section 5 of
Ordinance 11
of 1963, as
amended by
section 2 of Ordinance
36 of 1967.**

6. Section 5 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) (a) (i) Upon receipt of the application the Executive Committee shall refer it to the South West African Planning Advisory Board for consideration and a recommendation on the desirability and necessity of establishing the proposed township.

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP DORPE EN GROND-
VERDELING, NO. 10 VAN 1973.**

- "(vi) "plaaslike bestuur" die raad van 'n munisipaliteit gestig of ingestel ingevolge die bepalings van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), 'n dorpsbestuur ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1963 (Ordonnansie 14 van 1963) en die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970);"; en

 - (c) deur na die woordbepaling van "regulasie" die volgende woordbepaling in te voeg:
 - "(ixA) "Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad" die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad ingestel ingevolge die bepalings van artikel 9(1) van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954);".
3. Artikel 2 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
- "(2) (a) Die Landmeter-generaal, Windhoek, die Registrateur van Aktes, Windhoek, en die Hoof Paaie-ingenieur, Direkteur van Werke en Directeur van Plaaslike Bestuur van die Administrasie of 'n beampete van sy kantoor wat die genoemde Landmeter-generaal, Registrateur van Aktes, Hoof Paaie-ingenieur, Directeur van Werke of Directeur van Plaaslike Bestuur, na gelang, vir die doel van 'n vergadering in sy plek aanwys, is ampshalwe lede van die raad.
- (b) Die Uitvoerende Komitee stel as lede aan iemand wat die sienswyses van plaaslike besture en die belang van die inwoners van gebiede van plaaslike besture onder die aandag van die raad moet bring, en iemand wat lid is van die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, met die oog op ko-ordinasie tussen dié twee rade, en stel ook die ander lede van die raad aan.".
4. Die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na artikel 2 die volgende artikel in te voeg:
- 2A. Die doel van die raad is om die funksies, bevoegdhede en pligte wat ingevolge die bepalings van hierdie ordonnansie aan hom verleen en opgedra word, uit te oefen en te vervul."
5. Artikel 3 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) te skrap.
6. Artikel 5 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
- "(5) (a) (i) By ontvangs van die aansoek verwys die Uitvoerende Komitee dit na die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad vir oorweging en 'n aanbeveling oor die wenslikheid en noodsaaklikheid van die stigting van die voorgestelde dorp.

Wysiging van
artikel 2 van Or-
donnansie 11
van 1963, soos
gewysig deur
artikel 1
van Ordonnansie
2 van 1970.

Invoeging van
artikel 2A in
Ordonnansie 11
van 1963.

Wysiging van
artikel 3 van
Ordonnansie 11
van 1963.

Wysiging van
artikel 5 van
Ordonnansie 11
van 1963, soos
gewysig deur
artikel 2 van Ordon-
nansie 36 van 1967.

TOWNSHIPS AND DIVISION OF LAND ORDINANCE, NO. 10 OF 1973.

(ii) The recommendation of the South West African Planning Advisory Board shall be submitted to the Executive Committee and the Executive Committee shall decide whether the establishment of the proposed township is desirable and necessary, or not: Provided that the Executive Committee may, before so deciding, refer the application back to the South West African Planning Advisory Board for such further inquiry as the Executive Committee may deem fit.

(iii) Should the Executive Committee decide that the establishment of the proposed township is desirable and necessary, it shall refer the application to the Board and thereupon the Board shall publish, once in the *Official Gazette* and once in such newspaper or newspapers as the Board may deem fit, a notice that such an application has been received and is open for inspection at the office of the Director of Local Government and at such other places (if any) as may be stated in such notice.”.

Amendment of section 19 of Ordinance 11 of 1963, as amended by section 6 of Ordinance 36 of 1967.

7. Section 19 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) If the owner of any such erf or land wishes to subdivide it, he shall apply to the Executive Committee for permission to do so: Provided that if the owner of any such erf or such land wishes to subdivide it into more than ten erven or portions of land, it shall be deemed to be establishment of a township and the procedure laid down in this Ordinance in connection with the establishment of a township shall be followed.”.

Amendment of section 20 of Ordinance 11 of 1963, as amended by section 7 of Ordinance 36 of 1967.

8. Section 20 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the word “Board” wherever it appears of the expression “South West African Planning Advisory Board”.

Deletion of section 22 of Ordinance 11 of 1963, as amended by section 8 of Ordinance 36 of 1967.

9. Section 22 of the principal Ordinance is hereby deleted.

Amendment of section 24 of Ordinance 11 of 1963.

10. Section 24 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the word “Board” wherever it appears of the expression “South West African Planning Advisory Board”.

Amendment of section 26 of Ordinance 11 of 1963.

11. Section 26 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsections (3), (4) and (6) of the following subsections:

“(3) Upon the application of any township owner or of the local authority concerned (if any) the Executive Committee shall have the power to authorize the amendment, or the partial or entire cancellation of a general plan or an approved township: Provided that the procedure, laid down in this Ordinance in connection with the granting of an application for permission to establish a township shall be followed in every respect in such a case unless the Board shall recommend to the Executive Committee that, in view of the fact that the

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP DORPE EN GROND-
VERDELING, NO. 10 VAN 1973.**

(ii) Die aanbeveling van die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad word aan die Uitvoerende Komitee voorgelê en die Uitvoerende Komitee beslis of die stigting van die voorgestelde dorp wenslik en noodsaaklik is, al dan nie: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee, voordat hy aldus beslis, die aansoek na die Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad kan terugverwys vir sodanige verdere ondersoek soos die Uitvoerende Komitee nodig ag.

(iii) Beslis die Uitvoerende Komitee dat die stigting van die voorgestelde dorp wenslik en noodsaaklik is, verwys hy die aansoek na die raad en daarop publiseer die raad 'n kennisgewing een keer in die *Offisiële Koerant* en een keer in sodanige nuusblad of nuusblaale soos die raad goedvind, dat so 'n aansoek ontvang is en by die kantoor van die Direkteur van Plaaslike Bestuur en by sodanige ander plekke (as daar is) soos in sodanige kennisgewing vermeld, ter insae lê.”.

7. Artikel 19 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) As die eienaar van so 'n erf of sodanige grond dit wil onderverdeel, moet hy aansoek by die Uitvoerende Komitee doen om verlof daartoe: Met dien verstande dat indien die eienaar van so 'n erf of sodanige grond dit wil onderverdeel in meer as tien erwe of stukke grond dit as stigting van 'n dorp beskou moet word en die prosedure wat in hierdie ordonnansie voorgeskryf word in verband met die stigting van 'n dorp, nagekom moet word.”.

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 11 van 1963, soos gewysig deur artikel 8 van Ordonnansie 36 van 1967.

8. Artikel 20 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord “raad” oral waar dit voorkom deur die uitdrukking “Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad” te vervang.

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 11 van 1963, soos gewysig deur artikel 7 van Ordonnansie 36 van 1967.

9. Artikel 22 van die Hoofordonnansie word hierby geskrap.

Skrapping van artikel 22 van Ordonnansie 11 van 1963, soos gewysig deur artikel 8 van Ordonnansie 36 van 1967.

10. Artikel 24 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord “raad” oral waar dit voorkom deur die uitdrukking “Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad” te vervang.

Wysiging van artikel 24 van Ordonnansie 11 van 1963.

11. Artikel 26 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikels (3), (4) en (6) deur die volgende subartikels te vervang:

Wysiging van artikel 26 van Ordonnansie 11 van 1963.

“(3) Op aansoek deur 'n dorpeienaar of die betrokke plaaslike bestuur (as daar een is) kan die Uitvoerende Komitee die wysiging of die gedeeltelike of algehele rojering van 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp magtig: Met dien verstande dat die prosedure wat in hierdie ordonnansie voorgeskryf word in verband met die toestaan van 'n aansoek om verlof tot stigting van 'n dorp in so 'n geval en elke oopsig nagekom moet word tensy die raad by die Uitvoerende Komitee aanbeveel dat, met die oog op die onbelangrike aard van

TOWNSHIPS AND DIVISION OF LAND ORDINANCE, NO. 10 OF 1973.

proposed amendment, or partial or entire cancellation is of a minor nature, compliance with such procedure referred to shall be dispensed with, in which event the Executive Committee shall have power to authorize the amendment, or partial or entire cancellation without the said procedure being followed: Provided further that, where any such amendment, or partial or entire cancellation affects any public place within the area of jurisdiction of a local authority which is authorised by law to close or partially close any public place, the Surveyor-General shall, prior to making such amendment, or partial or entire cancellation be advised by the Executive Committee that the provisions of any law relating to the permanent closing of any public place or portion thereof have been complied with.

(4) In the event of any public place or portion thereof being closed by such amendment, or partial or entire cancellation within an approved township in respect of which no local authority has been constituted or in respect of which, though a local authority has been constituted, such local authority is not authorized by law to close any public place or portion thereof, the Executive Committee shall, prior to authorizing any amendment, or partial or entire cancellation, publish a notice setting forth the proposed amendment, or partial or entire cancellation in two consecutive issues of the *Official Gazette* and in two issues of a newspaper circulating in the township concerned, the issues of such newspaper appearing in consecutive weeks and calling upon all persons interested to lodge any objections they may have to the proposed amendment, or partial or entire cancellation with him, in writing, before a date stated in such notice, such date being not less than one month after the date of the last publication of such notice. The Executive Committee shall thereupon submit the proposed amendment, or partial or entire cancellation and any objections thereto to the Board for consideration and the Board shall make such recommendations to the Executive Committee, as it deems fit, and the Executive Committee's decision regarding the proposed amendment, or partial or entire cancellation shall be final.

(6) Whenever a general plan of an approved township is partially or entirely cancelled, or amended, under this section, the Registrar of Deeds shall make corresponding entries in the township register concerned and on the title deeds whereby the land concerned is held.”.

12. Section 31A(1) of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for all the words preceding the proviso of the following words:

“(1) The Executive Committee may, on application by the owner of any land, the title deeds of which are subject to conditions, imposed in terms of this Ordinance, the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) or any prior law, vary such conditions, by amending, substituting or deleting any such conditions or by adding further conditions to such conditions.”.

**Amendment of
section 31A
of Ordinance
11 of 1963,
as inserted
by section 11
of Ordinance
36 of 1967.**

Short title.

13. This Ordinance shall be called the Townships and Division of Land Amendment Ordinance, 1973.

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP DORPE EN GROND-
VERDELING, NO. 10 VAN 1973.**

die voorgestelde wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering daarvan die nakoming van sodanige bedoelde procedure afgesien word, en dan kan die Uitvoerende Komitee die wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering magtig sonder dat die bedoelde procedure nagekom word: Met dien verstande voorts dat waar so 'n wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering 'n openbare plek binne die regssgebied van 'n plaaslike bestuur wat by wet gemagtig is om enige openbare plek geheel of gedeeltelik te sluit, betref, die Uitvoerende Komitee die Landmeter-generaal verwittig voordat so 'n wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering aangebring word, dat die wetsbepalings op die permanente sluiting van 'n openbare plek of deel daarvan nagekom is.

(4) As 'n openbare plek of deel daarvan weens so 'n wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering gesluit word in 'n goedgekeurde dorp ten opsigte waarvan geen plaaslike bestuur ingestel is nie of ten opsigte waarvan die plaaslike bestuur wat wel ingestel is, nie by wet gemagtig is om enige openbare plek of deel daarvan te sluit nie, publiseer die Uitvoerende Komitee voordat hy enige wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering magtig 'n kennisgewing in twee opeenvolgende uitgawes van die *Offisiële Koerant* en in twee uitgawes van 'n nuusblad wat in die betrokke dorp omloop (die uitgawes waarvan in twee opeenvolgende weke verskyn) waarin die voorgestelde wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering uiteengesit word en alle belanghebbendes gevra word om moontlike besware teen die voorgestelde wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering skriftelik by hom in te dien voor 'n datum wat in sodanige kennisgewing vermeld word en wat minstens een maand na die datum van die laaste publikasie van sodanige kennisgewing moet wees. Daarop lê die Uitvoerende Komitee die voorgestelde wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering en enige besware daarteen aan die raad ter oorweging voor en die raad doen die aanbevelings wat hy goedvind by die Uitvoerende Komitee en die Uitvoerende Komitee se beslissing oor die voorgestelde wysiging, of gedeeltelike of algehele rojering is afdoende.

(6) Wanneer 'n algemene plan van 'n goedgekeurde dorp ingevolge hierdie artikel gedeeltelik of in sy geheel gerojeer, of gewysig word, maak die Registrateur van Aktes ooreenstemmende inskrywings in die betrokke dorpregister en op die titelbewyse waarkragtens die betrokke grond besit word.”.

12. Artikel 31A(1) van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur al die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(1) Die Uitvoerende Komitee kan, op aansoek deur die eienaar van grond waarvan die titelbewys onderhewig is aan voorwaardes gestel ingevolge hierdie ordonnansie, die Municipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) of enige vroeëre wet, sodanige voorwaardes verander deur enige sodanige voorwaardes te wysig, te vervang of te skrap of verdere voorwaardes by sodanige voorwaardes te voeg.”.

13. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1973.

Wysiging van
artikel 31A
van Ordonnansie
11 van
1963, soos
ingevoeg deur
artikel 10 van Or-
donnansie 36 van
1967.

Kort titel.